

5.1.020 Kerkplein [Erf 412 – ongeveer 1878]

Eerste Goewermentsgebou en Tronk



[1]

[2]

[3] [4]

[5]

1. Huis van John Robert Lys
2. Markstraat
3. Suidwestelike hoek van Mark- en Pretoriusstraat
4. Tronk
5. Eerste Goewermentsgebou

Hierdie foto is ongeveer dieselfde tyd as die vorige foto [van die militêre parade] geneem. Vergelyk die grootte van die bome agter die gebou en kyk ook na die verfmerke op die mure van die gebou. Ek wonder wat was die graffiti wat daar toegeverf is?

Links van die Goewermentsgebou is die woonhuis van John Robert Lys.

Pretoria se eerste tronk is in die jare 1866 tot 1870 op die suidelike deel van Erf 412 opgerig, dit wil sê agter die eerste Raadsaal op die noordwestelike hoek van Mark- en Pretoriusstraat [Rex-2 p 21]. As die spreekwoord dat alle goeie dinge stadig kom, en indien 'n tronk iets goeds is, dan was die eerste tronk in Pretoria geen uitsondering op die reël nie. Pretoria is naamlik in 1855 aangelê, en alhoewel daar mettertyd vir allerlei noodsaaklike dienste voorsiening gemaak was, het die oprigting van 'n tronk steeds agterweë gebly. Uiteindelik kon Landdros A.F. du Toit dit nie meer verduur nie. Hy het sy nood onomwonde by die owerheid bekla deur aan te toon dat hy, benewens sy ander pligte, die rol van regter sowel as tronkbewaarder moes speel en dat dit hom moeilik geval "eene jek for all trades te zijn." Dit is geensins duidelik wanneer daar uitvoering aan sy versoek aanvanklik op dowe ore geval sodat hy naderhand van blote moedeloosheid sy betrekking neergelê het.

'n Tronkgeboutjie is darem uiteindelik in die omgewing van die eerste Raadsaal opgerig. In 1860 is daar in die Staatskoerant gevra vir tenders vir die oprigting van 'n tronk vir Pretoria [S 1860-10-12]. Soos op die foto gesien kan word was dit 'n hartbees-tipe gebou met 'n grasdak. Voorwaar sou dit nie veel moeite geveer het om daaruit te ontsnap nie. Hierdie eerste tronk moes baie jare diens doen en dit was eers in die begin van 1873 dat die regering, op aandrang van Landdros Skinner, daartoe oorgegaan het om 'n nuwe gevangenis op te rig [Pr-013 p 3].

Die nuwe tronk word in Oktober 1874 voltooi, en in Januarie 1875 laat weet die Literêre Vereniging dat hulle 'n boekery [biblioteek?] in die ou tronk wil begin [V 1875-01-16]. Of 'n biblioteek ooit daar begin is is nie bekend nie.

Op die suidwestelike hoek van Pretorius- en Markstraat is 'n baie netjiese winkel met 'n groot stoep. Wie in 1878 daar handel gedryf het is nie bekend nie.

Links van die Goewermentsgebou loop daar 'n watervoor. Daar was gedurig in die koerante gekla oor die toestand van die watervore en hier lyk dit ook nie juis baie netjies nie. Dit is baie vuil [V 1873-03-21], hou 'n gesondheidsrisiko in vir die inwoners van Pretoria [V 1874-10-12], aandag moet gegee word aan die toestand van die watervore [V 1877-09-12], en die huiseienaars moet self die watervore voor hul huise in stand hou [V 1877-09-12].

Hoofregter Kotze het die volgende te vertel oor die watervore van Pretoria: "There were no lights at night in the streets of Pretoria, and as the town was intersected by water furrows, branching off from the main furrow, going about after dark was a somewhat risky experiment for a pedestrian, unless he carefully studied the geography of these furrows when passing along the streets in the daytime and noted the places where he could cross them with safety. These furrows, while generally not deep, were broad in parts, particularly where they ran through cross-streets, when they contained mud as well. The only safe way for the pedestrian to get along dry shod was to be provided with a lantern or box of matches, as the following little incident shows. One night after dinner a gallant major of the 13th Regiment, accompanied by a junior brother officer, sallied forth from the camp to attend a private dance in town. On reaching a certain cross-furrow the subaltern halted and cautioned the major to be careful, as the furrow was rather wide at that spot, and one could only cross at one particular point by means of jumping over. 'All right,' said the major, 'you go first.' His junior did so, and [flopped] into the water, having mistaken his bearings. The major said 'Thank you,' made a wide detour, and got to the house safely. The subaltern, however, was not to be [outdone]. He hurried back to camp, repaired the damage sustained and returned in time to enjoy a good bit of fun" [Kot-2 p 448].

Bronne

- All-01 Allen, V. 1971. **Kruger's Pretoria**. Kaapstad: A.A. Balkema. [foto p 38]
Eng-01 Engelbrecht, S.P. 1952. **Eupees-album: Pretoria se eerste eeu in beeld**. Pretoria: J.L. van Schaik. [foto p 45]
Hol-01 Holm, A. en Viljoen, D. 1993. **Mure wat praat: Verhaal van die ou Raadsaal**. Johannesburg: Chris van Rensburg. [foto p 11]
Kot-02 Kotze, J.G. 1934. **Biographical memoirs and reminiscences**. Cape Town: Maskew Miller.
Pr-013 Venter, H.J. 1954. **Die Pretoriase tronk in die dae van die Zuid-Afrikaansche Republiek**. Pretoriana, Deel 4, Nommer 2, Desember.
Rex-02 Rex, H.M. 1975. **Besienswaardighede in Pretoria**. Ongepubliseerde werk, argiewe van die Hervormde Kerk.

S = Die Staatskoerant

V = De Volksstem

Rosa Swanepoel Versameling [Foto Kp1-008]
